

Woensdag 7 September

Skrifgedeelte: Matteus 24:36-44

Fokusgedeelte: Matteus 24:38-39

Onverskilligheid oor die oordeelsdag

In daardie dae – in hierdie dae – op die dag van die Here ... Dieselfde onverskilligheid oor die oordeelsdag! Noag se gehoorsaamheid om 'n ark te bou het geen invloed gehad nie. Uiteindelik is almal, behalwe agt mense, deur die sondvloed uitgewis.

Sou dit vandag dieselfde wees? Hoe reageer ons op God se Woord? Luister ons na die Here Jesus se preke wat leer dat die wederkoms, en die finale oordeel, soos 'n dief in die nag sal kom? Onverwags! Is jy gereed om jou Here enige dag te ontmoet – op jou sterfdag of met sy wederkoms?

Die ark was God se teken van genade oor die korrupte mensegeslag om te red van die oordeel. Maar terselfdertyd was die ark ook teken van die erns van God se waarskuwing: Wie nie tot inkeer kom nie, sal verlore gaan! Die boodskap word nog steeds duidelik uitgedra: in die Bybel, deur predikers, deur medegelowiges, in die skepping, deur rampe en oorloë. Tog bly mense leef asof daar geen waarheid in God se waarskuwende woorde is nie.

Jesus preek oor die onsekerheid van die datum van die wederkoms, maar nie dat die oordeelsdag dalk nie sal plaasvind nie. Jesus sal weer kom – dit staan vas. Daar sal geen omdraaikans wees nie. Net soos die ark weggedryf het en mense in die watervloed verdrink het, so sal mense sonder Christus die verderf ingaan. Wie egter die woorde van die Verlosser ernstig opgeneem het, sal as vrygespreektes die Regter kan ontmoet.

Die kerk, die liggaam van Christus, is soos die ark. Buite die liggaam van Christus is geen saligheid nie. Die Almagtige betoon sy liefde aan hulle wat deur hulle band met Christus en mekaar toon dat hulle 'n lewende geloof het. Hulle is waaksaam, gebruik die tyd om geestelik te groei en sien uit na die wederkoms.

Sing: Psalm 29-1:1, 2

Dr. WC Opperman (Callie) (emeritus)